## Musiek tydens die Groot Trek

Wanneer mens nagaan watter rol die musiek in die lewe van die Trekker bevolking gespeel het, moet professionele optrede dadelik buite rekening gelaat word.

Geen militêre blaasorkeste met tamboer en Turkse trom nie, soos by die intog van Shepstone in Pretoria veertig jaar later; geen geoefende sangkore nie wat Händel se Halleluja uitvoer soos aan die Kaap, en geen volledige slawe-orkeste met hul vrolike dansmusiek soos op die ou plase in Wes-Kaapland nie.

.

Die Trek was mos die vestiging van ‘n nuwe beskawing in ’n uitgestrekte, amper onbekende land, waar dié uitings van ‘n tradisionele kultuur besonder vreemd en in sekere sin onvanpas sou geklink het.

Die loop van die gebeurtenisse sou ook die bewys lewer dat by ‘n gevaarvolle onderneming soos die Groot Trek, meesterskap op voorslag en geweer van groter waarde vir ‘n geslaagde afloop van die onderneming sou wees as ‘n 'pêrelende' klaviertegniek of feillose sangvoordrag.

Aan die ander kant sou dit besonder vreemd gewees het as die musiek in daardie jare van uitsonderlike gewig vir die Boerenasie, heeltemal sou geswyg het en nie sy weldadige invloed op die gesonde lewenskragtige mense sou uitgeoefen het nie, sowel in ernstige en droewe as in onbesorgde en vrolike oomblikke.

By die beskouing en beoordeling van dié feit mag nie vergeet word nie dat dit ‘n hele volk was wat op trek gegaan het, en nie net ‘n troppie manne wat op avontuur uit was nie; dat vroue en kinders en veral jongkêrels en nooientjies deel daarvan uitgemaak het.

Daarby was dit nie ‘n reis van dae of selfs weke nie, maar van maande en selfs jare. So kon dit nie anders nie as dat sake hul gewone gang moes gaan; daar moes net by die omstandighede aangepas word.

So was dit nie oral moontlik om skool te hou nie, en het byvoorbeeld die kinders van die groep van A.H. Potgieter maar eers in ‘n hartbeeshuisie aan die Mooirivier hul eerste gereelde onderwys gekry. Ander laers was gelukkiger en het ‘n skooltent en selfs ‘n “onderwijzer der jeugd” gehad.

By die Uys-trek het ou mev. Nel die kinders gehelp. “Net sodra daar ‘n kans was, het sy haar tent laat opslaan, die kinders van die laer bymekaargemaak en hulle geleer, anders loop hulle net rond en doen kwaad. Sy het ons baie gesangversies en Bybeltekste geleer en ook die gedigte van die Nederlandse digter Van Alphen,” het Louis Jacobes Nel later vertel.

Soms het die kinders geleer om op note te sing, en op watter manier hul opvoeders van die nood ‘n deug gemaak het, weet ons van mev. Joubert, ‘n nooi Botha wat later die eggenote van generaal P.J. Joubert geword het.

Die vyf vingers het as notebalk gedien en op en tussen die vingers het die note gelê, waarvan die kinders die toonleer: ut, re, mi, fa, sol, la, si, ut, kon sing. Verjaarsdae het vir die jongspan nie ongemerk verbygegaan nie. Daar was ‘n traktasie met pannekoeke, hulle het in die rondte gedans en versies gesing.

Maar die allerbelangrikste, ook vir die kinders, was die Sondagmôrediens in die geïmproviseerde kerktent, wat bestaan het uit die ruimte tussen ‘n paar waens, oordek met bokseile.

Dit is weer mev. Joubert wat so ‘n plegtige samekoms vir ons geteken het: “Eers kom die gesange met die viool en fluit en akkordeon. Dan kom die kinders vorentoe. Die vaders en moeders sit almal buitekant die tent, en die kind wat die mooiste versie ken, sê dit op of sing dit. En nadat die kind klaar het, moet hul almal saam versies sing.”

So is dit uit haar eie mond deur L. Rompel-Koopman opgeteken in Wat mevrouw generaal Joubert vertelt (1915).

Van besonder groot waarde was die liederwysie wat deur die mense self gemaak is. Dit was nie opgeteken of gedruk nie en het voortgelewe deur voor- en nasing. Nog aan die begin van die twintigste eeu was daar mense wat al daardie wysies kon sing. Elke dag is deur die Trekkers begin en geëindig met die sing van geestelike liedere.

Watter beskawend invloed moet daardie reëlmatig terugkerende oomblikke van besinning en inkeer nie gehad het nie. Dié liedere het ‘n onverbreeklike deel van hul lewens geword.

So verstaan ons dat hulle met die wete dat hul belaers naby was wel die kamp ligte gedoof en hul pype laat koud word het, maar dat hulle die aandgesang selfs dan nie vir een enkele keer kon laat staan nie.

So is daar ook niks vreemds in die verhaal van ‘n ou Trekker nie, wat vertel hoe die vroue op ‘n vlot die Oranjerivier oorgesteek het onder die sing van Gesang 20: “Kom treën wij dan gemoedigd voort.”

Die godsdiensleraar Erasmus Smit, wat saam met sy swaer Gerrit Maritz gery het, gee meermale in sy Dagboek verslag van die dienste wat onder sy leiding gehou is.

Partymaal het dit heeltemal uit sang bestaan. So het hierdie groep na aanleiding van Kol. 3:16: “…Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here” , die nuwe jaar van 1837 begin met ‘n sang uur in een van die veldtente van Barend Liebenberg.

‘n Ander keer het hulle Gesang 102 as ‘n beurtsang gesing: die vroue eerste, die mans die tweede, en almal saam die derde vers gesing.

Weer verder lees ‘n mens van ‘n sangdankuur, waartydens die leraar “tot vermaning en lering” gepraat het. Dit hoef geen verwondering te wek nie dat op daardie sangaande meermale ‘n “zalm met draaiers” van die ongeskoolde manstemme as ‘n uiting van hul godvrugtige gemoedstemmig opgeklink het.

Musiek tydens die Groot Trek

Naas die oomblikke van erns en inkeer was daar veral vir die jong mense genoeg geleentheid om te ontspan.

Mev. Maria Jacoba Minnaar vertel hoe daar geen bekrompenheid in hul godsdiens, geen onverdraagsaamheid was nie. “Ons ouers het gemeen dat ‘n mens godvrugtig kon wees sonder om op te hou om vrolik te wees, en ons het dikwels baie plesier gehad – in ons wonings sowel as op die trek, waar ons baiemaal bymekaargekom het, saans as dit stil is, om plesier te maak, te sing en te dans.”

Dit was by die Potgieter trek. Potgieter self was trouens baie lief vir sang.

Dr. Gustav Preller het later ‘n aantal liede tekste opgeteken wat die ou Voortrekker mense nog onthou het. Jammer genoeg was hy nie in staat om ook die wysies “aan die papier te boei” nie.

Enkele van hierdie “zielsverheffende deuntjes” wat tydens die Trek gesing en gefluit is, was die “Vreemdelingslied” met die beginreël “Ver van Haria’s roem gedreven” ; die “Afsceidslied” met die beginreël “Ziet wij scheiden van elkander” ; die sogenaamde “Bolandslied” met die beginreël "De tijd is aangebroken” ; “Vaart wel mijn teerbeminde” en “Van des morgens vroeg” .

Verder die eienaardige lied wat mev. Aletta Bernhardina Oosthuizen uit haar Natalse trekkerslewe onthou het, met die beginreël “’n Arme man van Swagershoek” , en ‘n Dingaansdag-gedniggie wat toegeskryf word aan een van die Spiese, maar waaroor ‘n mens wonder of dit wel ooit gesing of maar net geresiteer is:

“Wij gedenken aan de slag te Bloedrivier,

toen ons vad’ren streden onder Gods banier…”

Hierdie drie broers Spies, Jacobus, Abraham en Andries, was ook bekende sangers, en hulle was tuis op die viool en konsertina. ‘n Ander bekende vioolspeler was Izak van Niekerk. Dan was daar bespelers van die fluit en kornet, terwyl een groep selfs ‘n serafyn saamgebring het.

Prof. G.C. Cillié jr. het die kerkmusiek die enigste volksmusiek van die Afrikaner genoem.

Daarnaas het Anton Hartman gevra dat die “Boeremusiek” erken word as ‘n uiting van eie volksmusiek, en inderdaad kan mens op die skoongeveegde dansbaan tussen die ossewaens die standaard kombinasie van konsertina, viool en kitaar terugvind, waarop die spelers op gehoor gespeel het.

Hoewel nog kort voor die Trek die agttiende-eeuse danse soos die sierlike menuet op danspartye op die platteland vermeld word, is daarvan tydens die Trek nie meer sprake nie.

Wel hoor ‘n mens van groep- en kring speletjies waarby gesing word, en verder van die kontradans en kadriel as rustige danse; hieraan het ook die ouer mense deelgeneem.

By die kadriel het die mans en vroue in twee rye teenoor mekaar gestaan, waarby elke paar sy beurt kry om verskillende, taamlik ingewikkelde figure uit te voer “soos die van ‘n menuet” .

Die kontradans was ook ‘n groepsdans, vir twee of vier pare. Die kalm danse is afgewissel met wals, vastrap, polka en veral die “Hanekraai” , ‘n vinnige wals, wat ‘n geliefde nommer was.

Met hoeveel vuur die jong mense gedans het, vertel die regter en skrywer Alfred Whaley Cole, wat in dieselfde tyd ‘n dansparty op Grahamstad bygewoon het: “Die Afrikaners in hul geseënde eenvoud, wandel nie in ‘n kadriel of skuiwe geen polka nie, maar tydens die dans werk hulle dugtig met hande en voete, en ‘n ‘oosterse uitdamping’ wat uit elke porie van hul gesig, hande en hals te voorskyn kom, getuig van hul kragtige bewegings.”

Veral op bruilofte wat op tradisioneel feestelike manier gevier is, was daar baie geleentheid vir hierdie onskuldige vermaak, wat partymaal tot dagbreek voortgeduur het.

Bekend is die huweliksfees van die held van Rensburgkoppie, Marthinus Oosthuizen en Aletta Bernhardina Rudolph. Die bruid het egter nie gedans nie.

Toe sy deur Hans de Lange vir die openings dans gevra word, het sy mooi verskoning gevra en gesê dat sy liewers nie nou sal dans nie, omdat sy maar net uit die tent van haar vader gekom het en nie graag teen sy wil sou wou dans nie. Daaruit blyk dat daar dus ook mense was wat dans streng afgekeur het.

Ná die moord op Piet Retief en sy mense het ook ander groepe hulle beswaard gevoel, en die jong volk het net ‘n kans gekry vir pret as die kommandant en sy offisiere weg was uit die laer.

As hulle dan tog betrap is, was die straf kort en afdoende, selfs by origens vrolike en lewenslustige mense soos kommandant Hans de Lange oftewel “Hans Dons” , wat ‘n herhaling van so ‘n verbode dansparty in sy laer voorkom het deur die viool van die dans musikant in stukke te breek met die opmerking: “Daar is ‘n tyd vir alles in die wêreld, gaan bid nou liewer!”

Hoe die sang selfs in die allerbelangrikste oomblikke van die Trek vervleg was met die uiting van gevoel en gedagte, blyk in die aandure voor 16 Desember 1838 in die laer van Andries Pretorius uit die aanhef van Psalm 38, die laaste smeeksang om steun in die stryd wat van so vérstrekkende betekenis vir die toekoms van die blanke beskawing in Suid-Afrika sou wees.

……………………

Bron: Solank daar Musiek is…; Jan Bouws; 1982.